

# **'n Jungiaanse en beskrywend-fenomenologiese ontleding van sinchronisiteite in perdondersteunde psigoterapie**

**Carel van Wyk**

---

Carel van Wyk, Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van die Vrystaat

---

## ***Opsomming***

Die doel van hierdie fenomenologiese ondersoek was om die watheid van sinchronisiteite wat gedurende perdondersteunde psigoterapie kan plaasvind, deur middel van die lewensbelewensisse van mense wat dit ervaar het, te ontleed, om sodoende die stilte in die literatuur aangaande hierdie verskynsel onder die loep te neem.

Sinchronisiteite is die belewenis van twee nie-oorsaaklike gebeure wat gelyktydig in ruimte plaasvind en wat betekenis vir die persoon wat dit beleef, inhou. Ruimtetyd word aan die hand van die psigoïede argetipiese proses, waar materie (die liggaam) en energie (die psige) verenig, verklaar. In perdondersteunde psigoterapie, 'n spesifieke vorm van perdt terapie, bestaan die terapeutiese span uit perde, 'n perdgedragsskenner en 'n professionele terapeut. Die kliënt voer sekere perdondersteunde aktiwiteite uit, wat deur die terapeut en die perdgedragsskenner voorgestel en terapie deur hulle met die kliënt verwerk word. Tydens hierdie proses kan sinchronisiteite plaasvind.

'n Kwalitatiewe navorsingsbenadering tot die beskrywend-fenomenologiese navorsingsontwerp is gevolg. 'n Doelgerigte, nie-waarskynlikheidsteekproefneming is gedoen. Fenomenologiese onderhoude is met vier deelnemers gevoer en dokumente is van twee deelnemers verkry. Die verkreeë inligting is volgens die beskrywend-fenomenologiese stappe (Duquesne-skool) ontleed.

Daar is bevind dat die kern fenomenologiese onderdele van 'n perdondersteunde psigoterapie-sinchronisiteit die volgende omsluit: perde is direk betrokke; die perd tree atipies op; die perd se optrede is in tandem met die kliënt se gedrag of innerlike ervarings; twee nie-oorsaaklike gebeure vind gelyktydig en spontaan plaas. Die perd en die mens se ruimtetyd verenig dus op 'n kollektiewe onbewuste vlak as gevolg van die konstellering van die psigoïede argetipe. Die verskil in ruimte en tyd, en tussen die liggaam (materie) en psige (energie) val weg. Die kliënt kan sinchronisiteite as 'n numineuse proses beleef.

Daar word onder andere aanbeveel dat terapeute opleiding behoort te ontvang om sinchro-nisiteite te herken en terapeuties met kliënte te verwerk, en dat hierdie verskynsel ook kwanti-tatief ondersoek word.

**Trefwoorde:** beskrywende fenomenologie; betekenisvolle toeval; Carl Gustav Jung; Jungiaans; perdondersteunde psigoterapie; sinchro-nisiteit

### *Abstract*

#### **A Jungian and descriptive phenomenological analysis of synchronicities in equine-assisted psychotherapy**

There is silence in the scientific literature about synchronicities occurring during equine-assisted psychotherapy sessions. Consequently, a study was undertaken to analyse synchronicities manifesting during the said therapeutic modality. The study aimed to determine the phenomenological structure of a synchronicity experience during an equine-assisted psychotherapy session. The following research question guided the study: What are the core phenomenological constituents of equine-assisted psychotherapy synchronicities, applying a descriptive-phenomenological analysis?

The classical Jungian definition of synchronicity was exploited for this study. Synchronicities are the experience of two non-causal events that co-occur in space and have meaning for the person experiencing them. Jung (1875–1961) explains space-time in terms of the psychoid archetypal process, where matter (body) and energy (psyche) unite. Two (or more) non-causal events that coincide thus unite in space and time. The union of space and time is conceptualised as space-time. Space-time is attributed to the process of the psychoid archetype. Synchronicity thus originates in the psychoid archetype where space and time unite. Space and time are on a continuum. When space and time unite, a synchronicity can manifest. However, when psychic content enters the consciousness, synchronistic phenomena dematerialise. Time and space then take on their everyday role. In other words, synchronicity is a spontaneous product of the collective unconscious where space and time become one. In the everyday role of time and space, synchronism can occur. However, synchronism should not be confused with synchronicity. Synchronicities occur in everyday life and can also occur in different forms of psychotherapeutic modalities.

The framework for synchronicities of this study is equine-assisted psychotherapy. Equine-assisted psychotherapy is a specific form of equine therapy where the therapeutic team consists of horses, an equine specialist and a registered therapist. The client performs certain activities with the horses, which the therapist and the equine specialist suggest. The therapist therapeutically processes the experience of the equine-based activity with the client afterwards. Synchronicities may manifest during equine-assisted psychotherapy sessions.

A qualitative approach to the research design was followed to study the mentioned phenomenon. Descriptive phenomenology served as the qualitative research design. Giorgi's (2009) interpretation of descriptive phenomenology (Duquesne School) was used. The researcher constantly returns to the description of a lived experience when analysing the information within the framework of descriptive phenomenology. The return to the description of the

phenomenon contrasts with interpretive phenomenology, where the researcher moves further from the direct description of the lived experience due to the series of interpretations made. Phenomenology does not focus on the lived experience of man as such. Phenomenology's dictum is *Ding an sich* (fidelity to the phenomenon). Therefore, a phenomenological study intends to answer the question: What is the nature of the phenomenon experienced? Thus, the analysis of a lived experience aims to understand the phenomenon's nature and essence (*Wesen* in German; *Eidos* in Greek). Phenomenology is also the study of how things are and become. To conclude, phenomenology aims not to understand man as an individual and his lived experiences, but to determine the "whatness" (*Washeit*) of the phenomenon, in other words, the *Ding an sich*. The cornerstone of this phenomenological investigation was to analyse and determine the constituents of synchronicities that occur during an equine-assisted psychotherapy session through the lived experiences of persons who experienced it.

The criteria for participation in this study were the following: a person must have experienced a synchronicity during an equine-assisted psychotherapy session; the person had to be older than 18 years; the person should not have been psychotic. Gender and race did not serve as inclusion or exclusion criteria. Phenomenological interviews were conducted with four participants and documents from two participants were obtained. The information obtained was analysed using the descriptive phenomenological steps to determine the essence of synchronicity during equine-assisted psychotherapy. Therefore, the focus was on the structure of the phenomenon (synchronicities) and not the lived experiences of the research participants regarding the synchronicities. In phenomenological investigations, the unit of analysis is not the research participant as a person and his lived experience. The unit of analysis is the phenomenon.

In this study, the research participants' lived experiences simply give access to the manifestation and appearance of a synchronicity. The following steps were followed to analyse the information: read for the meaning of the whole; determine the units of meaning; transform the participant's natural attitude expressions into phenomenological and psychologically sensitive expressions; determine the essential structure of the phenomenon. Based on the phenomenological analysis, it has been found that the core phenomenological components of a synchronicity during equine-assisted psychotherapy include the following: horses are directly involved; the horse's behaviour is atypical; the horse's actions are in tandem with the client's behaviour or inner subjective experiences; two non-causal events occur simultaneously and spontaneously. Thus, the horse and the client's space-time unite on a collective unconscious level due to the constellation of the psychoid archetype. The difference in space and time, and between matter and psyche, disappears. Therefore, the implication is that the client experiences equine-assisted psychotherapy synchronicity as a numinous moment because the supernatural is experienced.

Based on the study, the following recommendations are made by authors of books and scientific articles on equine-assisted psychotherapy, who may pay attention to the description and therapeutic processing of synchronicities that may occur during equine-assisted psychotherapy sessions. During training, professional therapists and equine specialists can be made aware of the possible occurrence of synchronicities during equine-assisted psychotherapy. Greater awareness of this phenomenon can result in the therapeutic team recognising synchronicities more efficiently and thus processing them therapeutically with the client if appropriate. If the therapeutic team is trained to recognise and deal with synchronicities, if indicated, it can be dealt with in more depth with the client during the equine-assisted psychotherapy session.

This experience can contribute to the psychological growth of the client. More quantitative and qualitative research can be done on equine-assisted psychotherapy synchronicities. If this phenomenon has been explored and described well, emphasis can be placed on its explanation. Therefore, an explanatory research question should be asked and answered more deeply. The following can serve as an explanatory research question: Why is synchronicity as it is within the framework of equine-assisted psychotherapy? This research question, therefore, indicates the ontology of synchronicity during an equine-assisted psychotherapy session.

**Keywords:** descriptive phenomenology; equine-assisted psychotherapy; Carl Gustav Jung; Jungian; meaningful coincidence; synchronicity

## 1. Inleiding

Alhoewel sinchronisiteit as verskynsel in die literatuur bespreek word, is daar 'n stilte in die literatuur aangaande sinchronisiteite wat gedurende perdondersteunde psigoterapie-sessies voorkom. Literatuursoektogte het dus afsonderlike bronne aangaande die Jungiaanse teorie, sinchronisiteite en perdondersteunde psigoterapie opgelewer, maar nie bronne waar die Jungiaanse teorie met perdondersteunde psigoterapie en sinchronisiteite gesamentlik onder die loep geneem is nie.


Die navorsingsprobleem wat hierdie studie rig, is gevolglik die fenomenologiese ontleding van die Jungiaanse teorie en sinchronisiteite in die raamwerk van perdondersteunde psigoterapie om begrip hiervoor in die praktyk te verbeter. Die primêre doel van die navorsing was derhalwe om 'n beskrywend-fenomenologiese ontleding van perdondersteunde psigoterapie-sinchronisiteite uit te voer en die bevindinge aangaande die fenomenologiese struktuur van so 'n sinchronisiteit te ontleed en aan te dui. Dit is gedoen om die afstemming van sinchronisiteite op perdondersteunde psigoterapie wat Van Wyk (2016) deur middel van 'n praktykvoorbeeld toegelig het, in meer besonderhede wetenskaplik te ondersoek en te beskryf.

As 'n sekondêre doelstelling, poog die navorser om die toepassing van die beskrywende fenomenologiese metode, soos uiteengesit deur Giorgi (2009), in besonderhede te beskryf, gegewe dat die metode skynbaar dikwels nie ten volle begryp word nie (Giorgi 2008b:35; 57).

Die navorsingsvraag wat uit die navorsingsprobleemstelling en die doelstellings ontwikkel is en die ondersoek verder gerig het, was, "Wat is die kernfenomenologiese dele van sinchronisiteite wat gedurende perdondersteunde psigoterapie-sessies voorkom?" Die navorsingsvraag word deur middel van die onderstaande literatuuroorsig en die beskrywing van die kwalitatiewe wetenskaplike ondersoek wat uitgevoer is, beantwoord.

## 2. Jung, sinchronisiteit en perdondersteunde psigoterapie

Jung het die begrip *sinchronisiteit* geskep en met behulp van Pauli uitgebrei (Cambray 2009:38; 174). Die struktuur van die mens se psige volgens Jung, word in Figuur 1 uitgebeeld. Die uiteensetting van hierdie figuur (Figuur 1), dien as 'n vertrekpunt vir die bespreking van sinchronisiteite.



**Figuur 1. Struktuur van die psige**

Die psige omsluit alle psigiese prosesse, met ander woorde, dit omsluit sowel die bewuste as die onbewuste psigiese prosesse (Jung 1971:640). Soos in Figuur 1 aangedui, bestaan die psige uit onderskeie psigiese dele, te wete die kollektiewe onbewuste, die persoonlike onbewuste en die bewuste. Elke onderdeel van die psige word deur verskillende psigiese strukture opgemaak. Al die dele en onderdele van die psige is in verbinding met mekaar, soos deur die vertikale rooi lyn in Figuur 1 aangedui word. Die *bewuste* word gevorm deur die ego- en personakomplekse. Die egokompleks is die kern van bewustheid (Jung 1971:591). Dit is alle psigiese materiaal wat onmiddellik herroep kan word. Alhoewel die ego deur die persona uitgeleef word, neem die personakompleks ook die beginsels van die samelewing in ag (Jung 1971:642). Dusdoende steun die persona die mens om in die samelewing te kan funksioneer. Die *onbewuste* bestaan uit die persoonlike en die kollektiewe onbewuste. Alle psigiese materiaal wat nie met die ego verbind is nie, kan as onbewus beskou word (Jung 1971:665). Komplekse, die skadukant en persoonlike drome maak die *persoonlike onbewuste* op.

Vir Jung (1969:96) is 'n kompleks 'n gefragmenteerde persoonlikheid wat outonoom kan funksioneer, en gedrag kan bepaal en rig. Drome is 'n "onbewuste reaksie op 'n bewuste situasie" wat kan ontwikkel as gevolg van konflik tussen die bewuste en die onbewuste (Jung 1971:4–5). Die skadukant is die mens se donker kant en dit kan die mens in sy goeie bedoelinge kelder (Jung 1958:76). 'n Leemte in Van Wyk (1999:15–24) se beskrywing van die samestelling van die psige, was die weglating van verwysings na die *kulturele onbewuste* as een van die samestellende dele van die psige. Henderson (2005:5) beskryf die kulturele onbewuste as die gedeelte van die psige wat tussen die persoonlike onbewuste en die kollektiewe onbewuste voorkom (verwys na Figuur 1), waar geskiedkundige geheue gestoor word en waarop die

volksgroep waaraan die persoon behoort, betrekking het (Adams 2002:189). Net soos wat die ander samestellende dele van die psige menslike gedrag en emosie kan beïnvloed, kan die kulturele onbewuste dit ook doen. Belewensisse van sinchronisiteit behoort gevolglik ook in die raamwerk van 'n mens se kulturele agtergrond verstaan en vertolk te word. In die *kollektiewe onbewuste* kom argetipes en drome van argetipiese aard voor. Kane (2004) verduidelik dat die begrip *argetipe* afkomstig is van die Griekse woord *arche* wat “oorspronklike vorm” of “oorsprong” beteken, en alle mense oor eeue en kulture heen dit deel. Die Self is die sentrale regulerende argetipe. Ander argetipes is byvoorbeeld die anima en die animus, so ook die psigoïede argetipe wat vir hierdie ondersoek van belang is. Sinchronisiteit word in die kollektiewe onbewuste, en meer spesifiek, die psigoïede argetipe gekonstelleer.

Sinchronisiteit is die belewenis van 'n nie-oorsaaklike toeval wat betekenis vir die persoon wat dit ervaar, inhou. Die drie sleutelonderdele van 'n sinchronisiteit is betekenisvolle toeval, nie-oorsaaklikheid en die numineuse/spirituele (Cambray 2009:136–7; 206). Die vereniging van ruimte en tyd van gebeure kan vir die persoon wat dit ervaar, 'n numineuse belewenis wees. 'n Numineuse belewenis is 'n spirituele en mistiese ervaring buite die bewussyn. Dit is 'n belewenis wat nie in die egokompleks ontwikkel nie, maar in die transpersoonlike vlakke van die psige, wat die kollektiewe onbewuste insluit (Jung (1958:150 en Corbett 2021:36–8). Main (2004:105–7) wys uit dat Jung godsdiens en wetenskap gebruik het om die begrip sinchronisiteit te ontwikkel en uit te brei. In die lig hiervan, kan 'n sinchronisiteit as 'n numineuse belewenis beskryf word.

Jung (1969:446–7; 506) verwys na “absolute kennis” en beskryf dit as onverklaarbare kennis van omstandighede wat nie deur die sintuigorgane bemiddel word nie en 'n direkte eienskap van die onbewuste is. Haule (2011:74) vertolk bogenoemde soos volg, “Dit lyk of hy sê (hier en elders) dat die onbewuste, uit die aard daarvan, in staat is om enigiets in die heelal te weet, en dat dit die grondslag van sinchronisiteit is.”<sup>1</sup> Die onbewuste dra dus kennis van alles in die heelal. 'n Veranderde staat van bewustheid is noodsaaklik vir absolute kennis. Die konstellering van 'n argetipe het 'n veranderde staat van bewustheid tot gevolg en 'n persoon kan dan ontvanklik word vir die absolute kennis. Sinchronisiteit ontspring uit die kollektiewe onbewuste, wat oor absolute kennis beskik. Die konstellering van 'n argetipe het die relativisering van ruimte en tyd tot gevolg (Shamdasani 2009:220), en oorsaaklikheid en liniêre volgorde verval (Von Franz 1980:7). Twee (of meer) nie-oorsaaklike gebeure wat saamval, verenig dus in ruimte en tyd.

Die vereniging van ruimte en tyd word as *ruimtetyd* beskryf. Jung (1969:176–8; 183; 436; 481; 505; 512–3) koppel hierdie begrip aan die proses van die psigoïede argetipe. Die psigoïede proses van die psigoïede argetipe is die samevloeiing of eenwording van materie (die liggaam) en energie (die psige). Sinchronisiteit het dus sy oorsprong in die psigoïede argetipe waar ruimte en tyd verenig. Wanneer psigiese inhoud egter die bewuste betree, dematerialiseer sinchronistiese verskynsels. Tyd en ruimte speel dan weer hulle alledaagse rolle. In die alledaagse rol van tyd en ruimte kan sinchronisme voorkom. Sinchronisme moet egter nie met sinchronisiteit verwar word nie. Sinchronisme verwys slegs na twee gebeure wat gelyktydig plaasvind (Jung 1969:441). Die element van betekenisvolheid van sinchronisiteit ontbreek dus.

Dit is voorts belangrik om tussen sinchronisiteit en die limbiese reaksie van diere op mense te onderskei. Haule (2011:209) verduidelik dat diere 'n limbiese reaksie op byvoorbeeld die gemoed van mense kan toon. Jung (1963:122–3) vertel van 'n “passievolle perdvrou” wat hom anoniem besoek het, om te bely dat sy 20 jaar tevore 'n vriendin vermoor het deur die vriendin te vergiftig. Die pasiënt se perde het senuweeagtig geraak wanneer sy hulle gery het.


Haar gunstelingperd het haar ook afgegooi. Uiteindelik het sy haar ruiterskap opgegee en haar aandag aan haar besonderse mooi wolfhond gegee, wat toe verlam geword het. Deur die moord te pleeg het die pasiënt ook haar eie siel vernietig. Haar gemoedstoestand (skuldgevoelens) het waarskynlik 'n limbiese reaksie by die diere tot gevolg gehad. Jung (1963:123) stel dit soos volg: “Soms lyk dit of selfs diere en plante dit ‘weet’”. Hierdie gebeure kwalifiseer nie as 'n sinchronisiteit nie, aangesien oorsaaklikheid ter sprake was: die perdvrou vermoor haar vriendin – dit het 'n verandering in haar gemoedstoestand tot gevolg – die perde reageer negatief op die gemoedstoestand van die moordenaarruiter en die hond word siek. Oorsaaklikheid is dus hier ter sprake.

Lac (2017:35) noem dat sy verskeie verhale kan vertel aangaande die wysheid, sinchronisiteite en onwaarskynlike optrede van perde wat sy waargeneem het, terwyl van haar kliënte in interaksie met hulle was en dat perde “diep veranderinge” kan meebring. Die “diep veranderinge” waarna Lac (2017:35) verwys, kan moontlik toegeskryf word aan Jung (1966:223) se siening dat die perdartipe onder meer die mens se onbewuste verteenwoordig. Dit is in die onbewuste skadukant waar die mens se verwonding dikwels bestaan. Kontak met die “donker wysheid” van die perd kan die psigiese inhoude van die skadukant na die bewuste bring, sodat emosionele heling kan begin plaasvind (Buzel 2016:275).

Die betrokkenes in perdondersteunde psigoterapie is die kliënt en die terapeutiese span, bestaande uit die perde, perdgedragsskener en die professionele terapeut (Thomas en Lytle 2016:68; 88). Wanneer die betrokke elemente daarvoor gereed is, kan 'n sinchronisiteit uit die kollektiewe onbewuste, waar die psigoïede argetipe gesetel is, manifesteer. Hierdie manifestasies is egter nie altyd oorsaaklik verklaarbaar nie, veral nie vanuit 'n Westerse raamwerk nie (Kane 2011:5).

Vervolgens word die prosesse van perdondersteunde psigoterapie bespreek. Daar word verder aangedui in watter konteks sinchronisiteite kan manifesteer. Die onderstaande afdeling word afgesluit met 'n verduideliking van hoe sessies in perdondersteunde psigoterapie daar uitsien.

Perdondersteunde psigoterapie het uit dierondersteunde terapie ontwikkel. Dierondersteunde psigoterapie het weer uit die breër veld van psigoterapie ontstaan. Soos wat verskillende terapeutiese modaliteite met verskillende teoretiese basisse in die veld van psigoterapie bestaan, bestaan daar ook verskillende perdondersteunde praktykmodelle (Bachi 2013:285–6). Dierondersteunde terapieë wat perdondersteunde psigoterapie insluit, is dus nie 'n onafhanklike terapeutiese modaliteit nie, maar een van verskeie praktykmodelle. Dit is ook nie 'n onafhanklike teorie nie. Die terapeut kan daarom steeds terapie vanuit sy verkose teoretiese raamwerk doen. Die verhouding tussen teorie, praktykmodel en tegnieke word in Figuur 2 uitgebeeld.



**Figuur 2. Teorie-praktijkmodel-tegnieke-beginsel**

Praktijkmodelle (bestaande uit fases en stappe) word deur teorie ingelig. Tegnieke word vervolgens op grond van die teoretiese vertrekpunt en die praktijkmodel ingelig. Daar is dus 'n wederkerige proses tussen teorie, praktijkmodel en tegnieke, soos deur die vertikale lyn in Figuur 2 uitgebeeld word. In hierdie geval dien die Jungiaanse beskrywing van die psige, soos bo uiteengesit, as die teoretiese basis. Die “Equine Assisted Growth and Learning Association” (EAGALA) volg op die teorie as praktijkmodel, soos hieronder beskryf. Verskillende perdondersteunde aktiwiteite kan in die raamwerk van die EAGALA-model, aangewend word. Ek gebruik die Jungiaanse teorie om sinchronisiteite wat met die gebruik van die genoemde praktijkmodel en perdondersteunde aktiwiteite voorkom, te verken, te beskryf en te verklaar.

Hallberg (2018:30) gebruik die sambreelbegrip *perdondersteunde terapie* om te verwys na “enige tipe terapie of behandeling wat perdinteraksies, aktiwiteite of behandelingstrategieë en die perdmilieu insluit”. Die dienste van die terapeute word deur die wette en professionele rade van hulle onderskeie lande gereguleer. Perdondersteunde aktiwiteite word aangewend om kliënte sekere vaardighede met behulp van perde aan te leer.

Een vorm van perdondersteunde terapie is perdondersteunde psigoterapie. Die begrip *perdondersteunde psigoterapie* (“Equine Assisted Psychotherapy” afgekort in Engels as “EAP”) is deur Greg Kersten gedurende die vroeë-1990's geskep, om na die spesifieke vorm van perds-terapie wat hy ontwikkel het, te verwys. Dié begrip was nooit voorheen in die perds-terapie-raamwerk gebruik nie (O.K. Corral Series 2021). Hierdie perds-terapiemodaliteit is verder deur EAGALA ontwikkel en uitgebou.

Volgens die EAGALA-model van perdondersteunde psigoterapie moet die terapeutiese span altyd uit 'n professionele terapeut (byvoorbeeld 'n maatskaplike werker of sielkundige), 'n perds-gedragsskenner en natuurlik perde bestaan. Albei die persone moes die EAGALA-opleiding bygewoon het. Alle perdondersteunde aktiwiteite vind op die grond plaas. Die perde word as die hoofterapeute beskou en hulle staan sentraal in die terapeutiese proses. Die verhouding tussen die perd en die kliënt word belangriker geag as die verhouding tussen die kliënt en die ander terapeute. Perde word nie afgerig nie en hulle kan dus na willekeur met die

kliënt in interaksie tree. Die aksies van die perde dien vir die kliënt as 'n klankbord vir oordrag, nadenke en leer. Dit is die taak van die mensterapeute om die kliënt daarvan bewus te maak (Trotter 2012:3; Thomas en Lytle 2016:3; Hallberg 2018:70;130). Die kliënt projekteer dus sy innerlike belewenisse op die perd tydens die sessies. Jung (1976:137) omskryf 'n projeksie as 'n algemene sielkundige proses wat die oordra van subjektiewe materiaal van 'n mens na enige objek behels. Samuels, Shorter en Plaut (2012:113) verduidelik dat die eksterne wêreld van 'n persoon die roumateriaal voorsien wat 'n projeksie kan aktiveer. Tydens 'n perdondersteunde psigoterapie-sessie voorsien die perd/e hoofsaaklik die roumateriaal wat 'n projeksie by die kliënt aktiveer.

EAGALA het die SPUD<sup>TM</sup>-raamwerk ontwikkel om kliënte en perde se gedrag, met die oog op terapeutiese prosessering, te volg. Die SPUD<sup>TM</sup>-raamwerk is 'n akroniem vir skuiwe, **p**atrone, **u**nieke oomblikke en **d**iskrepancies (Thomas e.a. 2016:13). Laasgenoemde skrywers maak nie 'n verbinding tussen "unieke oomblikke" en sinchronisiteite nie. Die mening word gehuldig dat unieke oomblikke sinchronisiteite kan insluit. Elders noem hulle (Thomas e.a. 2016:3) dat die proses tussen die kliënt en die perd geleentheid skep vir die "onverwagte en onbeplande" en dat dit dikwels "verrassende draaie neem en wonderlike stories in die proses skep". Daar word vermoed dat die Jungiaanse teorie nie algemeen in die raamwerk van perdondersteunde psigoterapie gebruik word nie. Dit kan gevolglik die rede wees waarom die begrip *sinchronisiteit* nie gebruik word wanneer voorvalle van betekenisvolle toeval beskryf word nie.

Hallberg (2018:71) spreek die volgende kritiek teen EAGALA uit. Eerstens word slegs grondgebaseerde perdaktiwiteite benut. In van die aktiwiteite moet kliënte perde byvoorbeeld jaag of verskuif, en toerusting moet ook op perde geplaas word. Dit geskied sonder enige veiligheidsopleiding ten opsigte van perde. Die dinamika van roofdier (mens) en prooidier (perd) word dus deur middel van die aktiwiteite geaktiveer. Dit het 'n vinnige terapeutiese proses tot gevolg. Dit vereis dus 'n ervare terapeutiese span om die aktiwiteite terapeuties te prosesseer. Tweedens bemark EAGALA hulself asof hulle praktykmodel die enigste model is om terapeutiese dienste waarby perde betrokke is, te lewer. Hulle adverteer hulself ook as "die globale standaard vir psigoterapie en persoonlike ontwikkeling wat perde insluit".

Verskillende diere kan in terapie gebruik word. Daar is egter spesifieke redes waarom perde in terapie gebruik word. Volgens Sheade (2021:7–8) beskik perde oor unieke voordele in vergelyking met ander terapiediere soos honde. Hulle het onder meer die volgende eienskappe:

- Perde ontlok 'n sterker aanvanklike reaksie by kliënte, moontlik omdat kliënte minder gewoond is aan perde as aan ander diere, soos honde. Gevolglik is kontak met die perde 'n *meer unieke ervaring*.
- Die *grootte* van die perde speel eweneens 'n belangrike rol in hulle uniekheid as terapiediere. Dit kan verskeie emosies by die kliënt voortbring, wat kan wissel van angs en intimidasie tot veiligheid en sekuriteit. Om saam met so 'n relatief groot dier soos 'n perd te werk, kan die kliënt meer selfversekerd en bemagtig laat voel.
- Perde is *prooidiere*. Dus geniet veiligheid voorrang. Perde is altyd op hulle omgewing ingestel om veilig te bly en moontlike gevare waar te neem. Perde is dus ook op mense in hulle omgewing ingestel, en hulle reageer op menslike nieverbale gedrag en aksies. Die mens moet dus van sy eie lyftaal en die perde se lyftaal bewus wees wanneer hy in hulle nabyheid is.

- Soos die mens, is perde ook *tropdiere*. Aangesien perde tropdiere is, kan die mens die sosiale dinamika tussen perde waarneem, beleef en prosesseer.
- Die meeste roofdiere se gedrag word deur belonings gedryf, soos om voedsel en aandag te ontvang. In teenstelling hiermee is perde geneig om aksies uit te oefen om *druk te ontkom*. As 'n prooidier, sal die perd eerder vlug wanneer hy druk ervaar soos 'n aanval deur 'n roofdier of wanneer hy deur 'n mens met 'n aggressiewe houding aangestaar word. Perde ervaar die verwydering van druk, soos byvoorbeeld wanneer 'n mens 'n perd aanstaar en dan wegkyk, as beloning (Roberts 2001:27; 58).

Die perd het 'n ryk simboliese betekenis. Vir Jung (1966:223) simboliseer perde ook 'n argetipe met verskeie betekenisse. Dit staan vir die dierlike kant van die mens, met ander woorde, dit word as 'n simboliese uitdrukking vir die onbewuste van die mens beskou. Perde as werksdier verteenwoordig weer die moederargetipe. Die Self word onder meer ook deur Perde gesimboliseer (Jung 1959:266). Die perdeargetipe simboliseer sowel laer- as hoërorde-eienskappe van die mens. Kane (2004:16) is ook van mening dat Perde sowel psigologiese as liggaamlike argetipes verteenwoordig. Perde nooi dus die mens uit om psigologiese en liggaamlike projeksies te maak. Die mening word gehuldig dat hierdie kwaliteite van die perdeargetipe, perde unieke dier-terapiëdiere maak.

Ter afsluiting van hierdie afdeling word opsommend verduidelik hoe 'n perdondersteunde psigoterapie-sessie in die praktyk daar uitsien:

Die kliënt word in die kantoor of in die teenwoordigheid van die perde deur middel van aktiwiteite geassesseer. Op grond van die assessering bepaal die terapeut 'n tentatiewe behandelingsplan. Daarna besluit die terapeut tentatief watter aktiwiteite tydens sessies met die perde benut kan word. Die terapie geskied in die perdekamp, met die perde as medeterapeute.

Die perdekamp word 'n *Temenos*. *Temenos* is 'n Griekse begrip vir 'n afgesonderde heilige plek (Jung 1916:6367 en Jung 1958:95). Op simboliese vlak verwys *Temenos* na 'n plek ter beskerming teen die fragmentering van die persoonlikheid (Jung 1953:118, 140; Jung 1956:590; Jung 1968:361).

Tydens die sessie gee die perdespesialis of terapeut 'n opdrag aan die kliënt om 'n aktiwiteit uit te voer. Met die uitvoer van die aktiwiteit staan die mensterapeute terug vir die perde; met ander woorde die mensterapeute meng nie in by die psigiese proses tussen die kliënt en die perde nie.

Die perd versimboliseer met ander woorde die *Vas Hermeticum* waarbinne transformasie van die kliënt se projeksies plaasvind. *Vas Hermeticum* is die alchemistiese houer waarbinne verandering geskied (Jung 1966:274; Jung 1967:73; Samuels e.a. 2012:147–8). Kliënte projekteer dikwels hulle onbewuste psigiese materiaal op die perde. 'n Projeksie is die toeskryf van onbewuste positiewe of negatiewe psigiese materiaal aan byvoorbeeld ander mense, diere, kultuur- en etniese groepe (Kane 2007). Die perdekamp is 'n *Temenos* vir die kliënt in die raamwerk van perdondersteunde psigoterapie. Met ander woorde, die perdekamp word 'n heilige, fisiese driedimensionele terapeutiese ruimte waarbinne psigologiese prosesse tussen mens en perd op heilige grond kan ontwikkel en plaasvind. *Temenos* en die “hermeties verseëelde houer” word as sinonieme gebruik (Samuels e.a. 2012:148), aangesien beide psigologiese prosesse van die kliënt omhul. In perdondersteunde psigoterapie is die perdekamp die oorkoepelende houer (*Temenos*) van die psigologiese prosesse van die kliënt, terwyl die perd die spesifieke houer

(Vas Hermeticum) vir die psigologiese prosesse van die kliënt word. Kortliks gestel, perd word Vas Hermeticum vir die kliënt se psigologiese prosesse in die ruimte van die Temenos.

Met die uitvoer van 'n aktiwiteit gebruik die terapeutiese span die SPUD<sup>TM</sup>-raamwerk om die terapeutiese proses te volg. Die perdspesialis vertolk die gedrag van die perde voortdurend aan die terapeut. Hulle kan die kliënt bewus maak van die perde se gedrag, en dan kan die kliënt dit vertolk en van toepassing op sy eie lewe maak.

### 3. Navorsingsproses

Die volgende onderafdelings van die navorsingsproses word vervolgens bespreek: navorsingsbenadering tot die navorsingsontwerp; navorsingsontwerp; navorsingsmetodologie (metodes van steekproefneming, inligtinginsameling en inligtingontleding); etiek. Die afdeling word afgesluit met 'n bespreking van die beperkinge van die ondersoek.

Kwalitatiewe navorsing is as benadering tot navorsingsontwerp in die ondersoek aangewend. Dit verwys na 'n verskeidenheid van benaderings om komplekse menslike gedrag en verskynsels te verken, te beskryf en te verklaar. Dit word gedoen deur inligting, wat op verskillende wyses van deelnemers verkry is, te ontleed. Onderhoude met groepe of individue word getranskribeer en ontleed. Ander tekstmateriaal, oudiovisuele materiaal en inligting op webwerwe kan ook as inligtingsbronne vir kwalitatiewe navorsing gebruik word. Hierdie inligting is meestal nie kwantitatief van aard nie en 'n induktiewe beredeneringstyl (van spesifieke waarnemings na veralgemenings) word gewoonlik gevolg (Saldaña 2011:18; Creswell 2014:4). Die struktuur van sinchronisiteit in die raamwerk van perdt terapie word deur middel van die lewensbelewensisse van deelnemers ondersoek. Onderhoude wat met die deelnemers gevoer is, is opgeneem, getranskribeer en fenomenologies ontleed.


Die navorsingsontwerp van hierdie ondersoek was beskrywende fenomenologie. Volgens Giorgi (2008a:42) is die diktum van fenomenologie *Ding an sich* ("getrouheid aan die verskynsel"). Van Manen (2014:39) stel dit soos volg: "Die fenomenologiese belangstelling is gefokus op die verskynsel as 'n aspek van ons voor-reflektiewe bestaan. Dit probeer om die lewende sin van die ervaring aandagtig te begryp voordat ons dit opgehef het tot kognitiewe, konseptuele of teoretiese bepaling of duidelikheid." Die belangrikste mikpunt van 'n fenomenologiese ondersoek is die beantwoording van die volgende vraag: Wat is die aard van die verskynsel as 'n wesenlike menslike lewensbelewenis? (Van Manen 1997:62; Van Manen 2014:39). Die ontleding van die lewensbelewenis van 'n mens wat 'n sekere verskynsel ervaar het, is die mikpunt van die fenomenologie om die aard en wese (*Wesen* in Duits; *Eidos* in Grieks) van die verskynsel te verstaan. Die mikpunt is dus nie om die mens as individu en sy lewensbelewenis per se te verstaan nie, maar om die watheid (*Washeit*) van die verskynsel te bepaal (Moran en Cohen 2012:111). Vir Vagle (2014:22) is fenomenologie "hoe dinge is en word". Beck (2021:179–80) som bogenoemde kenmerke van fenomenologie kernagtig op soos volg:

Een aanname van beskrywende fenomenologie is dat daar vir enige menslike ervaring duidelike wesenlike strukture bestaan waaruit daardie verskynsel saamgestel is ongeag die persoon wat dit ervaar. Hierdie wesenlike strukture word ontdek deur die besonderhede van individuele ervarings te bestudeer. Die essensie van 'n verskynsel word begryp deur die bestudering van die besonderhede van ervarings.

Die mens wat die verskynsel beleef het, is dus “slegs” die instrument om tot die verskynsel deur te dring om die wesenlike struktuur daarvan te bepaal. In hierdie ondersoek gaan dit gevolglik nie oor die persoonlike ervaring van ’n sinchronisiteit in die raamwerk van perdondersteunde psigoterapie op sigself nie, maar wat die watheid van ’n perdondersteunde psigoterapie-sinchronisiteit behels.


Beskrywende fenomenologie as navorsingsontwerp moet nie met die vertolkingsfenomenologiese navorsingsontwerpe verwar word nie. In die vertolkingsfenomenologiese navorsingsontwerpe beweeg die navorser verder weg van die navorsingsdeelnemer se oorspronklike beskrywing van ’n lewensbelewenis, juis vanweë die vertolkings wat gemaak word. Temas word gevolglik nie net op grond van die beskrywing van lewensbelewensisse aangaande ’n bepaalde verskynsel van die navorsingsdeelnemer ontwikkel nie, maar dit word ook op grond van die vertolkings wat die navorser maak, ontwikkel (Smith, Flowers en Larkin 2009:91–2).

In teenstelling met die vertolkingsfenomenologie, word betekeniseenhede in die beskrywende fenomenologie ontwikkel, deur herhaaldelik terug te keer na die beskrywing van die lewensbelewenis van ’n verskynsel deur ’n navorsingsdeelnemer. Die beskrywende fenomenologie het ten doel om tot ’n algemene (eidetiese) struktuur van die lewensbelewenis van die verskynsel te kom. Die toepassing van vertolkingsfenomenologie het egter ’n unieke (idiografiese) doel, en daarom word ooreenkomste en verskille ten opsigte van individuele navorsingsdeelnemers se lewensbelewensisse aangaande ’n verskynsel, in besonderhede beskryf (Smith e.a. 2009:200–1). In die geval van beskrywende fenomenologie word die teenoorgestelde gedoen. Individuele idiografiese besonderhede van navorsingsdeelnemers se beskrywing van ’n verskynsel kan geïgnoreer of getipeer en veralgemeen word, omdat dit ten doel het om die verskynsel as geheel te beskryf (Finlay 2011:96). Met ander woorde, die struktuur van die verskynsel en nie die individuele lewensbelewenis van ’n verskynsel nie, is die toespitsing. Bogenoemde verduideliking word hier onder deur middel van twee sketse opgehelder. In Figure 3 en 4 word die aard van vertolking in onderskeidelik vertolkings- en beskrywende fenomenologie voorgestel.



**Figuur 3. Vertolkingsfenomenologie**

In Figuur 3 word aangedui hoe die navorser wegbeweeg van 'n navorsingsdeelnemer se beskrywing van 'n lewensbelewenis, deurdat daar 'n vertolking van 'n vertolking gedoen word. 'n Nuwe tema of temas wat op die vertolking van die navorser gebaseer is, word dan ontwikkel.



**Figuur 4. Beskrywende fenomenologie**

Figuur 4 beeld uit dat die navorser voortdurend na die navorsingsdeelnemer se beskrywing van 'n verskynsel terugkeer wanneer hulle die inligting in die raamwerk van die beskrywende fenomenologie ontleed. Vir Giorgi (2009:89) beteken “beskrywing” die opheldering van verskynsels wat beleef is, deur middel van taal. Om hierdie verduideliking verder uiteen te sit, stel Giorgi (2009:89) dit teenoor die volgende begrippe:

- *Vertolking*: Taal word gebruik om die verskynsel wat beleef is, met behulp van 'n teorie, hipotese of aanname op te helder.
- *Konstruksie*: Hier word verbeelding byvoorbeeld aangewend om 'n verskynsel wat beleef is, op te helder of te konstrueer.
- *Verduideliking*: Verskynsels word verduidelik met behulp van inligting wat nie deur die persoon wat die verskynsel beleef het, verskaf is nie.

Die toespitsing van die beskrywende fenomenologie is gevolglik die gegewe; letterlik dit wat die navorsingsdeelnemer ten opsigte van sy lewensbelewenis van die verskynsel “gee”. Inligting wat nie verskaf word deur die navorsingsdeelnemer wat ’n verskynsel beleef het nie, word dus nie deur middel van vertolkings geskep nie.

Doelgerigte steekproefneming is gedoen. Dit is ’n vorm van nawaarskynlikheidsteekproefneming, aangesien alle moontlike deelnemers nie ’n gelyke kans gehad het om aan die navorsing deel te neem nie. Doelgerigte steekproefneming behels die kies van navorsingsdeelnemers wat die mees omvangryke inligting aangaande ’n bepaalde verskynsel kan verskaf. Die navorsingsdeelnemers word dus na die kundige oordeel van die navorser, volgens sekere kriteria, gekies (Lombard 2016:104; Rubin en Babbie 2017:355).

Die kriteria vir deelname aan hierdie ondersoek het die volgende behels: ’n persoon moes ’n sinchronisiteit gedurende ’n perdondersteunde psigoterapie-sessie beleef het; die persoon moes ouer as 18 jaar oud wees; en die persoon moes nie psigoties gewees het nie. Geslag en ras het nie ’n rol gespeel as insluitings- of uitsluitingskriteria nie.

In fenomenologiese ondersoeke is die eenheid van ontleding nie die navorsingsdeelnemer as persoon of die lewensbelewenis (“lived experience”) op sigself nie. Die eenheid van ontleding is die verskynsel. Die navorsingsdeelnemer gee “slegs” toegang tot die manifestering en verskyning van ’n bepaalde verskynsel (Vagle 2014:23).

Volgens Giorgi (2008a:37) behoort die navorser minstens drie verskillende gevalle van die individu se belewenis van die verskynsel te kry wanneer ’n beskrywend-fenomenologiese ondersoek geloods word. Sodoende kan daar ’n groot genoeg verskeidenheid inligting aangaande die verskynsel verkry word, om die tipiese essensie daarvan te omskryf (Giorgi 2008a:37; Finlay 2011:96). Ses deelnemers wat toegang tot die openbaring en verskyning van ’n sinchronisiteit beleef het, is vir die oogmerk van hierdie ondersoek ontleed.

Dit was ’n uitdaging om deelnemers vir die ondersoek te bekom. Hierdie uitdaging word onder meer toegeskryf aan die skynbare onbekendheid van die begrip *sinchronisiteit* in die raamwerk van perdondersteunde psigoterapie. Uit informele gesprekke met terapeute en perdgedragskenners by byvoorbeeld perdondersteunde psigoterapie-kursusse, het die skrywer die volgende begrippe geïdentifiseer wat terapeute gebruik om na gebeure wat aan die vereistes van ’n sinchronisiteit voldoen, te verwys: *unieke gebeurtenis*, *geluuskoot* en *diepgaande oomblik* (“profound moment”). Deur bogenoemde begrippe te gebruik, is gepoog om deelnemers wat sinchronisiteite beleef het, by die ondersoek te betrek.

Fenomenologiese onderhoude is met vier navorsingsdeelnemers gevoer om inligting in te samel. Twee deelnemers het hulle lewensbelewenis van ’n perdondersteunde psigoterapie-sinchronisiteit deur middel van e-posse gedeel, aangesien geskrewe dokumente van navorsingsdeelnemers ook gebruik kan word om inligting in te samel (Van Manen 1997:62).

Die onderhoude is digitaal, met die toestemming van deelnemers opgeneem en dit is later oorgeskryf vir die ontleding daarvan. Van Manen (2014:314) verduidelik dat die deelnemer nie ’n storie oor die lewensbelewenis moet vertel nie, maar dat hulle die inligting van die ervaring moet verskaf, soos voor hulle dit vertolk het. In hierdie ondersoek was daar een hoofvraag, naamlik: “Hoe het jy die gebeurtenis (betekenisvolle toeval) met die perd of perde beleef?” Die begrip *sinchronisiteit* is vermy, aangesien dit ’n relatiewe onbekende begrip vir die breër publiek kon wees. Hierdie hoofvraag is met vrae opgevolg, op grond van die antwoorde van die navorsingsdeelnemers.

Die prereflektiewe weergawe van hoe daar deur die verskynsel geleef is, sluit gevolglik persoonlike idees, persepsies en kulturele, psigososiale en persoonlike vertolkings aangaande die verskyning van die verskynsel uit. Die onderhoude wat met die deelnemers gevoer is, het tussen 60 en 120 minute geduur. Wanneer die deelnemers nie meer besonderhede aangaande hulle sinchronistiese belewenis kon verskaf nie, is daar aangeneem dat versadiging (kristallisering) van die onderwerp bereik is.

Vir Husserl beteken *betekenismaking*, “opheldering (*Klärung*; *Aufklärung*; *Klarlegung*; *Erhellung*) om tot die wesenlike, eidetiese begrip van iets te kom” (Moran en Cohen 2012:63). Dit is dan ook die doel van fenomenologiese inligtingsontleding. Aangesien die mikpunt van die fenomenologie die ontdekking van die allesomvattende struktuur van ’n verskynsel is, word die eidetiese vermindering onder meer aangewend om inligting fenomenologies te ontleed (Reeder 2010:29). Wanneer fenomenologie beoefen word, moet daar weg van die natuurlike ingesteldheid (*die natürliche Einstellung*) beweeg word. Om weg van die natuurlike ingesteldheid te beweeg, help om die volgende twee algemene foute van die natuurlike ingesteldheid te voorkom. Die eerste algemene fout van die natuurlike ingesteldheid behels die geneigdheid van die mens om sy huidige ervarings gelyk te stel met ervarings van die verlede. Die tweede algemene fout van die natuurlike ingesteldheid is ’n ingesteldheid van die mens van nie-bevraagtekening van dit wat is. Verskynsels word op sigwaarde aanvaar en nie bevraagteken nie – die alledaagse word dus aanvaar soos wat dit voorkom (Gallagher 2012:41–2; Moran en Cohen 2012:217; Van Manen 2014:42–3).

Die beskrywend-fenomenologiese proses volgens Giorgi (2009), is gevolg as die metode van inligtingsontleding. Wanneer inligting ontleed word, moet die volgende gedoen word om weg van die natuurlike ingesteldheid en gepaardgaande tipiese foute te beweeg (Giorgi 2008a:41–2):

- Epoché: Die navorser moet alle kennis van die gegewe verskynsel inperk. Dit sluit alle teorieë en voorkennis uit boeke en ander bronne in, asook gevestigde oortuigings waartoe die navorser op grond van persoonlike ervaring gekom het. Dahlberg verkies die term *intoming*. Dit beteken dat die navorser sy bestaande kennis van die verskynsel moet intrek (soos wat mens ’n perd se teuels intrek) om dit te beheer, wanneer die ontleding van inligting gedoen word. Die navorser se ingesteldheid is dié van “aktiewe passiwiteit”, sodat die eidetiese (wetenskap van wese/kern) onderdele van die verskynsel teen sy eie pas kan verskyn (Finlay 2011:126; Beck 2021:58). Ek het die toepassing van hierdie beginsel om die volgende redes moeilik gevind. Eerstens doen ek al vir ’n lang tydperk opleeswerk oor die teorie van Jung. Tweedens is die Jungiaanse teorie my persoonlike voorkeurteorie om verskynsels te verken, te beskryf en te verklaar. Derdens het ek oor sinchronisiteit opgelees, jare voordat ek besluit het om die navorsing daarvoor te doen. Met die ontleding van die inligting het ek gevolglik gepoog om my bestaande kennis aangaande die Jungiaanse teorie in te toom deur ’n aantekening te maak wanneer ek besef dat ek aan die Jungiaanse teorie dink en ek het myself dan afgevra watter ander betekenis die inligting kan hê. Ek het laasgenoemde beginsel (om myself af te vra watter ander betekenis die inligting kan hê) ook by die onderstaande toegepas.
- Die verskynsel is nie wat dit op die oog af blyk te wees nie: Die navorser oorweeg die gegewe verskynsel as iets wat aan hom voorgelê word. Dit is egter noodsaaklik dat die navorser nie die verskynsel sal sien as om presies te wees soos dit aan hom voorgehou word nie. Dit is dus die weerhouding van die aanname van die bestaan van die gegewe. Die gegewe word beskou as ’n verskynsel, ’n teenwoordigheid in die bewussyn van die

navorser, maar daar moet voortdurend in ag geneem word dat die verskynsel nie noodwendig bestaan soos wat die navorser dit ervaar nie. Vermy dus 'n ooglopende siening van die verskynsel. Die volgende vrae kan gestel word: Wat is agter die gegewe?; En wat is agter dit?

- Sensitiwiteit: Ten slotte moet die fenomenologiese houding 'n sekere sensitiwiteit vir die aard van die verskynsel wat ondersoek word, insluit. Die navorser behoort 'n sekere skuif in perspektief te ervaar, wanneer hy die wesenlike elemente van die verskynsel tydens die ontleding van inligting ontleed. Hierdie beginsel is op 'n gevoelsvlak toegepas. Vanuit die Jungiaanse teorie word die gevoelsfunksie as rasionele funksies geag (Jung 2013:24). Ek het dus rasioneel “gevoel” wanneer daar 'n skuif in die inligting, wat die deelnemers verskaf het, was.

Die volgende is die konkrete stappe van beskrywende fenomenologie om inligting te ontleed (Giorgi 1997:245–8; Giorgi 2009:128–32):

- a. Lees vir die sin van die geheel: Die inligting moet met 'n fenomenologiese ingesteldheid gelees word. Inperking of intoming (epoché) moet ook toegepas word.
  - b. Bepaling van betekeniseenhede: Hierdie stap behels dat die inligting herlees word. Elke keer wanneer 'n betekenisskuif in die teks waargeneem word, word dit met 'n vorentoetskuinsstreep (/) in die teks aangedui. Kriteria word nie vooraf gestel vir die bepaling van betekeniseenhede nie, aangesien die doel nie is om temas te bepaal nie.
  - c. Omskepping van deelnemer se natuurlike houdingsuitdrukkings in fenomenologiese en psigologies sensitiewe uitdrukkings: Die stap bestaan uit drie omskeppings van die inligting, soos aanvanklik deur die navorsingsdeelnemer verskaf is. Dit is belangrik dat vakteorieë nie 'n rol in die proses moet speel nie en dat psigologie hier nie met die vak en teorieë daarvan verwar moet word nie. In hierdie raamwerk word “psigologie” in sy algemene vorm aangewend. Die doel van hierdie omskeppinge is om weg te beweeg van die natuurlike ingesteldheid om tot 'n fenomenologiese beskrywing van die verskynsel te kom.
- *Omskepping 1:* Die presiese woorde van die deelnemer word gebruik, maar dit word na die derde persoon omgeskakel. Dit word gedoen sodat die navorser meer objektief is en homself nie met die deelnemer se beskrywing van 'n lewensbelewenis vereenselwig nie. Die navorser bly steeds sensitief vir die verskynsel (Giorgi, 2009:145; 154; 180; 195).
  - *Omskepping 2:* In die tweede omskepping word die direkte woorde van die deelnemer versorg en verfyn. Eidetiese vermindering begin dus. Elke betekeniseenheid word ondersoek in die lig van die effek wat dit op die ervaring van die verskynsel (synchronisiteit) het. Vrye verbeeldingryke variasie word dus toegepas. Die gegewens is nie wat dit op die oog af blyk te wees nie. Gevolglik moet daar verbeel word dat die gegewens anders is as wat dit is, om sodoende tot hoërvlakke te beweeg. Alhoewel die kategorieë hulle kernbetekenisse behou, is dit nie presies soos dit deur die navorsingsdeelnemer verskaf is nie (Giorgi 2009:5; 133; 145; 154; 180; 195).
  - *Omskepping 3:* 'n Noukeurige beskrywing word gegee van die intuïtiewe sielkundige sin aangaande die verskynsel wat in die bewuste van die navorser opkom. Verbeeldingryke verskeidenheid moet gebruik word om 'n eidetiese (essensiële/kern-) status van die betekenis wat beskryf word, te verseker. 'n Veralgemening word gemaak van die

onderdele van die struktuur van die verskynsel. 'n Verdere opheldering van die algemene sielkundige eienskappe van elke betekeniseenheid ten opsigte van die verskynsel word dus vereis. Daar is dus 'n toespitsing op die nomotetiese (algemene) kenmerke van die lewensbelewensisse van die deelnemers en nie op die idiografiese (unieke) kenmerke nie. Die sielkundige betekenis van wat gesê is, moet na vore kom, terwyl daar op die tersaaklikheid daarvan vir die verskynsel gelet word (Giorgi 2009:154; 197). Die omskepping van 'n lewensbelewenis in algemene sielkundige terme moet nie met die vakgebied "sielkunde" of 'n sielkundige teorie verwar word nie. Giorgi (2009:135; 155) waarsku uitdruklik teen die gebruik van teorie in die ontleding van die verkreeë inligting van navorsingsdeelnemers wanneer beskrywende fenomenologie die vertrekpunt is: "... what I mean is a generic, atheoretical psychological attitude ...". / "This does not mean using the psychological jargon of the various schools of psychology but precisely the avoidance of such jargon." Hierdie siening word deur Beck (2021:23) na aanleiding van Colaizzi (1973) onderskryf. Finlay (2011:97) verduidelik dat idiografiese besonderhede wat deelnemers verskaf, geïgnoreer kan word of dit moet getipeer en veralgemeen word. Die beskrywend-fenomenologiese ontleding het dus die bepaling van 'n verskynsel se wesenlike struktuur ten doel. Die doel van fenomenologie is dus nie om temas op grond van individue se geleefde ervarings van 'n verskynsel weer te gee nie.

- d. Uitdrukking van die wesenlike struktuur van die verskynsel: Die struktuur van die verskynsel word in 'n laaste konkrete stap saamgestel. Verbeeldingryke variasie is nodig om die mees onveranderlike bestanddele van die verskynsel bloot te lê. Die kernstruktuur van die verskynsel kan met behulp van 'n figuur en tabel opgehelder word (Giorgi 2009:199; 207–9). Die wesenlike struktuur, die essensie van 'n perd-ondersteunde psigoterapie-sinchronisiteit moet dus weergegee word.

Etiese klaring vir die uitvoer van die ondersoek is deur die navorsingsetiekkomitee van die Universiteit van die Vrystaat verskaf. Die etiese klaringsverwysingsnommer is op aanvraag beskikbaar. Daar is voldoen aan die volgende etiese beginsels soos deur Strydom (2011:115–9) geïdentifiseer:

- a. Vermydning van leed: Aangesien onderhoude gevoer is, is die navorsingsdeelnemers nie *fisieke leed* aangedoen nie. Uit die aard van die ondersoekonderwerp is enige *regskade* ook nie voorsien nie. Moontlike *sosiale leed* is beperk deurdat die deelnemers die keuse gehad het om aan die ondersoek deel te neem al dan nie. Hulle kon ook self besluit in watter omgewing die onderhoude moes plaasvind. Navorsingsdeelnemers het die reg gehad om hulle aan die ondersoek te onttrek. Al die deelnemers was ook in kontak met hulle eie terapeute.
- b. Vrywillige deelname: Geen deelnemer is op enige wyse gedwing om aan die ondersoek deel te neem nie. Hulle het die reg gehad om hulle deelname enige tyd sonder enige nagevolge te beëindig.
- c. Ingeligte toestemming: 'n Ingeligtetoestemmingsvorm is aan die navorsingsdeelnemers verskaf, waarin die projek en wat van hulle verwag sou word aan hulle verduidelik is. Hulle is uitgenooi om vrae te vra indien hulle meer inligting sou verlang.
- d. Misleiding: Navorsingsdeelnemers is nie oor die doel en aard van die ondersoek, en wat van navorsingsdeelnemers verwag sou word, mislei nie. Hierdie inligting is in die ingeligtetoestemmingsvorm verduidelik.

- e. Vertroulikheid: Aangesien indringende fenomenologiese onderhoude gevoer is, is die identiteit van die navorsingsdeelnemers aan my bekend. Hulle identiteit is egter aan geen derde party bekend gemaak nie. 'n Kode is aan elke deelnemer se inligting gekoppel om dit anoniem te maak.

Die bevindinge word vervolgens bespreek.

#### 4. Bevindinge

Die afdeling oor die bevindinge van die fenomenologiese inligting word met 'n epoché van die skrywer begin. Dit word opgevolg met die weergee van bevindinge aangaande die fenomenologiese struktuur van die verskynsel, te wete 'n sinchronisiteit gedurende perdondersteunde psigoterapie-sessies. Die afdeling word afgesluit met aanbevelings en 'n samevattende slot.

##### 4.1 Epoché van die skrywer

Die epoché word toegepas as 'n wyse om weg te beweeg van die natuurlike ingesteldheid (vgl. 2.3.3). Ek het die epoché ten opsigte van die teorie, die metodologie en die deelnemers toegepas.

Ek het 'n belangstelling in die teorie van Carl Gustav Jung, wat ek aanvanklik toegepas het om die lewenswêreld van getraumatiseerde kinders, en kinders wat met ander emosionele en gedragsprobleme presenteer, te verstaan. Die Jungiaanse beginsels is dus vanuit 'n toepassings-raamwerk op 'n metavlak, en nie 'n teoreties-akademiese raamwerk nie, aangewend. (Aangesien ek nie 'n opgeleide Jungiaanse analis is nie, beoefen ek daarom nie Jungiaanse analyses met kliënte nie.) Mettertyd het ek toenemend in die teorie van Jung begin belangstel. Dit het my voorkeurteorie geword om menslike verskynsels te verken, te beskryf en te verklaar. My oplees oor die Jungiaanse teorie was egter 'n struikelblok in hierdie ondersoek, aangesien ek voortdurend die lewensbelewensisse van die deelnemers vanuit 'n Jungiaanse oogpunt wou ontleed. Terwyl ek die inligting van die deelnemers ontleed het, moes ek dus voortdurend bewus wees van my behoefte om die Jungiaanse teorie te gebruik om die inligting te ontleed. Aangesien ek bewus was van hierdie behoefte, kon ek dit intoom.

Dit was vir my verder 'n uitdaging om myself nie op die idiografiese eienskappe van die lewensbelewensisse van die deelnemers toe te spits en temas te ontwikkel nie, maar om die moontlike kernkenmerke van 'n sinchronisiteit te bepaal om die wesenlike struktuur daarvan bloot te lê. Ek wou alle inligting wat die navorsingsdeelnemers weergegee het, gebruik en ek wou nie die idiografiese inligting "weggooi" ("discard") nie. My behoefte om alle inligting in temas te verwerk en geen inligting weg te gooi nie, het tot gevolg gehad dat ek my op die bevindinge toegespits het. Hierdie behoefte is ingetoom deur voortdurend die fenomenologiese literatuur na te gaan en my daarvan te vergewis dat ek dit reg vertolk en toepas, en om Beck (2021:133) se waarskuwing dat onervare kwalitatiewe navorsers geneig is om minder oor die metodologie as die bevindinge te skryf, in gedagte te hou. Dit het tot gevolg gehad dat ek my metodologie-afdeling hersien en aansienlik uitgebrei het.

Tydens die fenomenologiese onderhoude moes ek myself daaraan herinner dat my doel is om die lewensbelewensisse van deelnemers aangaande 'n perdondersteunde psigoterapie-sinchronisiteit te ontlok en dat die doel van die gesprek nie terapeuties van aard is nie. Die navorsingsdeelnemers se spontane openhartigheid, traumatiese verlede en hulle bereidwilligheid om my te help, het my diep geraak. Van die navorsingsdeelnemers het byvoorbeeld gesê dat ek soveel kere as wat ek dit nodig ag, met hulle kon gesels. Van hulle het my uitgenooi om die onderhoude by hulle huise te voer en my selfs op die impak van waar ek sou tuisgaan en verkeersknoppe bewus gemaak. Ek het dus van hulle fenomenologiese wêreld (na aanleiding van Landreth 2012:56) bewus geword. Hierdie bewuswording moes ek intoom, want my toespitsing was die fenomenologiese struktuur van 'n perdondersteunde psigoterapie- sinchronisiteit.

#### **4.2 Bevindinge en gevolgtrekkings**

Die bevindinge en gevolgtrekkings word geïntegreerd na aanleiding van Von Knorring-Giorgi in Giorgi (2009:204–10) se fenomenologiese metode aangebied. Die stappe se volgorde word egter aangepas. Sy (Von Knorring-Giorgi in Giorgi 2009:204–10) het die fenomenologiese struktuur eerste aangebied, daarna is 'n figuur aangebied en laastens die kernelemente waaruit die struktuur van 'n verskynsel bestaan. Ek bied egter eerstens die kernelemente van die verskynsel aan en op grond daarvan word die psigologiese struktuur van die lewensbelewensisse van die deelnemers weergegee, wat uiteindelik deur middel van 'n figuur uitgebeeld word. Laasgenoemde formaat word gebruik, omdat ek geredeneer het dat die kernelemente van die verskynsel die basis van die psigologiese struktuur van die verskynsel is. Met ander woorde, die losstaande kernelemente waaruit die struktuur van 'n verskynsel bestaan, word konseptueel saamgevoeg om die psigologiese struktuur van verskynsels te beskryf.

Die kernelemente van perdondersteunde psigoterapie-sinchronisiteite word in die eerste ry van Tabel 1 aangebied. In die tweede ry word die belewensisse van die deelnemers (D) wat die kernelement beskryf, verskaf. (Die skuinsgedrukte teks in die tabel is die transkriberings van die deelnemers se onderhoude en word sonder redigering weergegee.) Dit sluit die inligting van sowel die onderhoude as die inligting wat per e-pos ontvang is, in. Die duidelikste “bewys” word by die kernelemente aangebied, al kom dit by al die deelnemers voor. Van die deelnemers se vertelling strek oor bladsye. Gevolglik is dit moeilik om een gedeelte aan te haal, sonder om die lang konteks te verskaf. Von Knorring-Giorgi in Giorgi (2009:204–10) het nie deurgaans direkte aanhalings in haar fenomenologiese metode aangebied nie, maar hier word dit wel gedoen.

**Tabel 1. Kernelemente van die psigologiese struktuur van perdondersteunde psigoterapie-sinchronisiteite**

| Kernelemente van die verskynsel                                                                     | Belewenisse                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                             |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Ruimtetyd                                                                                           | <i>Daar is definitief 'n dimensie in hierdie werk wat ons nie kan verduidelik nie en daar is 'n dimensie in hierdie werk wat as jy 'n Christen is, jy rêrig kan sê wow dis nie human wat gebeur het nie, want hoe daai perd op daai spesifieke tyd daai spesifieke aksie uitgevoer het, is jy kan alles weet van neurobiologie en jy kan alles dink van auras en jy kan alles verstaan van jou krag, die energy levels en al daai goeters, jy kan dit nog steeds nie rêrig wetenskaplik verduidelik nie. So daar is 'n spiritual element aan hierdie ding. (D4)</i>                                                                                                                                                                                     |
| Die kliënt is direk betrokke en kan emosies, sensoriese belewenisse en/of insigontwikkeling beleef. | <p>(D3 verwys na 'n besluit wat D3 geneem het en hoe die perde se gedrag voor die besluit was en ná die besluit geneem is. Die inligting word weerhou om D3 se privaatheid te beskerm.)</p> <p><i>En deur die perde se verskil te sien, is dit dadelik oh shit ek was reg om dit te doen en dis ja, dit is net duidelik gewees in daai sin. (D3)</i></p> <p><i>Nee dit was weereens in Engels a sense of elation, wat is elation? Amper giggelrig gewees as 'n mens net so eers half verras so verbaas nie maar so half kyk wat is die verskil? Elke liewe een (perde) insluitende die twee ander wat ek nooit veel mee werk nie dis nice hulle loop nie weg nie en hulle is almal nou baie fluffy want dit word winter so lekker vryf ... (D3)</i></p> |
| Die sinchronisiteit is nie oorsaaklik verklaarbaar nie, maar dit het betekenis vir die kliënt.      | <p><i>Die perde het letterlik soos my familieledede opgetree. Dit was basaar, daar was 4 perde in die kamp 'n groot wit een, 'n kleiner donkerbruin en dan 'n ligbruin een met 'n wit merk op sy bors en 'n goudbruin een. Die groot wit een was my pa, die donkerbruin een my ma en die ligbruin my suster en die goue een was ek. (D5)</i></p> <p><i>Die manier waarop die perd opgetree het en die emosies wat elkeen in my na vore gebring het terwyl ek saamgewerk het, was net ongelooflik.</i></p> <p><i>As ek ooit sou kom, was die groot wit een (my pa) wat oorlede is, altyd daar om my te groet en 'n opgewonde kyk te gee en my getatoeëerde arm soos 'n hond te lek, ...</i></p>                                                          |

|                                                                                                                                                  |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                      |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
|                                                                                                                                                  | <p><i>die snaakse ding is net nadat my pa oorlede is, het ek na 'n heldersiene gegaan en hy het vir my gesê as jy na die perd gaan, is jou pa daar. Ek het die heldersiene nie van my terapie vertel nie, en dat ek geglo het dat my pa "in" die wit perd was ... destyds het ek niks hiervan gesien nie, maar dit het alles soos déjà vu gevoel – alles gebeur soos dit moet. (D5)</i></p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                          |
| <p>Die sinchronisiteit vind by of in die perdekamp plaas / Die terapeutiese span is in die nabye omgewing waar die sinchronisiteit plaasvind</p> | <p><i>Toe ek 'n EAP-sessie begin, staan die terapeute en ek buite die arena waar die perde gehou word. Die een perd het bly probeer om oor die heining te kom om aan my te raak en aan my arm te trek, maar hy wou nie stop nie.</i></p> <p><i>Toe ek die arena binnegaan, het hy my bly volg, en terwyl ek die aktiwiteite doen wat die terapeute aan my opgedra het, het die perd my knaend op 'n baie opdringerige manier gevolg. Hy het aan my hare gekou, aan my kop en nek gelek en selfs my bril afgestamp. Hy was regtig verpestend en wou my nie 'n oomblik alleen laat nie.</i></p> <p><i>Die punt is dat ek dit geduld het dat die perd my ruimte binnedring en oor die algemeen 'n pyn was. Die analogie met my lewe was "wat het ek geduld?" of "wat het my agtervolg?" Een van my belangrikste kwessies was dat ek gedink het dat ek dit moet verdra as mense oor my grense loop, en dat as ek 'n gesonde grens stel, die persoon heeltemal sal weggaan of dat daar konflik of 'n negatiewe gevolg sal wees. (D6)</i></p> <p><i>I didn't know I had to do my own letter. Ek het nie my huiswerk gedoen nie. Toe dog ek okay laat ek vir myself 'n brief skryf dat ek nie met leë hande daar kom nie. Toe sê ek vir X (sielkundige) I didn't do my homework but I wrote myself a letter. Toe sê X (sielkundige) en Y (perdspesialis) that would have been next week's homework, but we would like you to read the letter. En hulle bring hulle stoele en sit dit in die arena. Die perde is all over and I read. So I said no it's fine. I don't have a problem. En weet jy Z (navorser) toe ek my brief begin, ek weet nie eens wat ek geskryf het nie, but anyway, toe ek dit begin, toe voel ek hierdie, die perde is om my. En die hings sit sy groot kop op my skouer. 'n Perd se kop is groot and he just rested his head on my shoulder and the warmth of his breath while I read the letter, while I cried. En toe sê Y vir my they sensed your hurt but they are cushioning you to say</i></p> |

|                                                                                                                                                               |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                         |
|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
|                                                                                                                                                               | <i>to you, you will be okay en dit, daai experience was I'm like okay. God you blessed me with this, dit is ongelooflik. But I could just sense sy rustigheid. You matter, it is not that you not matter. (D2)</i>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                      |
| Perd/e wat atipies optree en 'n sentrale rol speel, is direk by die sinchronisiteit betrokke. Hulle gedrag is in tandem met kliënte se innerlike belewenisse. | (Die deelnemer moes die perd deur 'n hindernisbaan neem, sonder om aan die perd te raak.) <i>En nou praat ek met die perd. Ek sê jong ek weet nie hoe ons dit moet doen nie, maar jy moet nou agter my aan loop. Ons moet dit nou doen. En ek draai om en ek stap en hier kom die perd. En ons doen daai hele ding. En ek kan nie glo hy doen dit nie. En ek kom by die psigiater en ek is verstom. Ek sê vir die psigiater dat ek nie weet hoe ek dit reggekry het nie. Die psigiater sê vir my dit was regtig fantasties weet jy? (D1) Ek dink meer dat ek iets aangevoel het by die swart perd. Ek en hy het toe agterna 'n similar agtergrond. Ek dink so ja, want tot die psigiater het gesê jy en hierdie perd het net instantly gebond. (D1)</i> |


Bogenoemde kernelemente word vervolgens in die psigologiese struktuur van perdondersteunde psigoterapie-sinchronisiteite herskryf. Hierdie beskrywing word beskou as die fenomenologiese struktuur van perdondersteunde psigoterapie-sinchronisiteite wat uit verskillende kernelement bestaan.

- Ruimte en tyd verenig: As gevolg van ruimtetyd geskied 'n sinchronisiteit spontaan op 'n besondere tydstip tydens die perdondersteunde psigoterapie-sessie. Die perd se optrede is in tandem met die kliënt se gedrag of innerlike ervaringe. Ruimte en tyd is op 'n kontinuum. Indien ruimte en tyd verenig, kan 'n sinchronisiteit manifesteer (Jung 1969:123, 412–4).
- Perde se gedrag is atipies: Perde is nie opgelei om op 'n spesifieke wyse op die kliënt se gedrag of innerlike belewenisse te reageer nie. Kliënte of die terapeutiese span kan dus nie 'n sinchronisiteit willekeurig laat plaasvind nie. Hulle gedrag is atipies met die voorkoms van 'n sinchronisiteit. Innerlike belewenisse van die kliënt, of die kliënt se gedrag en die perd se atipiese optrede tydens 'n sinchronisiteit, kan nie oorsaaklik verklaar word nie. Perd/e en 'n kliënt is direk en gesamentlik betrokke. Miller en Nussen (2014:567) verwys na perde se “unieke gedrag” wat tydens verskillende tye van die terapeutiese proses kan voorkom. Die unieke gedrag van die perde kan dus as atipies gesien word.
- Emosies: Sinchronisiteite het insigontwikkeling, emosies of sensoriese belewenisse by die kliënt tot gevolg. Volgens Kane (2021:11, 20, 23) kan perde mense leer hoe om hulle emosies te reguleer en te beweeg van hiperopwekking as gevolg van onbeheerbare emosies tot 'n staat van kalmte.
- Driedimensionele ruimte: Perdondersteunde psigoterapie-sinchronisiteite vind binne 'n sekere driedimensionele ruimte plaas. Die manifestering van sinchronisiteite geskied in of net buite die perdekamp plaas. Hierdie driedimensionele ruimte kan as 'n *Temenos*

beskou word. 'n *Temenos* is “'n heilige plek waar psigologiese veranderinge kan plaasvind” (Stein 2022:29,79).

- Rol van die perd: 'n Perd is altyd direk betrokke wanneer die sinchronisiteit in die konteks van perdondersteunde psigoterapie plaasvind. Die mitiese vermoëns van die perd wat “die weg vir die verdwaalde reisiger aandui” (Jung 1916:5102). In die konteks van perdondersteunde psigoterapie ondersteun die perd dus die kliënt om psigologies te groei. Broersma (2007:142) dui aan dat die perd steeds hedendaags 'n Chiron-tipe vriend vir die mens is wat hom op sy pad van individuasie ondersteun.
- Terapeutiese span: Alhoewel die terapeutiese span nie direk by die sinchronisiteit betrokke is nie, is hulle in die onmiddellike omgewing waar die sinchronisiteite manifesteer. Die terapeutiese span speel dus 'n sekondêre rol wanneer 'n sinchronisiteit geskied. Hierdie sekondêre rol van die terapeutiese span, is 'n algemene posisie wat die terapeutiese span tydens perdondersteunde psigoterapie inneem. Thomas en Lytle (2016:13) verwys na die “agterste sitplek” wat die terapeutiese span moet inneem.
- Numineuse/transendentale ervaring: 'n Sinchronisiteit kan 'n transendentale/numineuse ervaring vir die persoon wat dit beleef, wees. Von Franz (1992) in Romanynshyn (1999:968) noem dat Jung soms na sinchronisiteit as 'n wonderwerk verwys.

Die kernelemente van 'n perdondersteunde psigoterapie-sinchronisiteit word in onderstaande seshoek (Figuur 5) saamgevat. Die selfkruisings van die seshoek dui daarop dat al die kernelemente van die perdondersteunde psigoterapie-sinchronisiteit met mekaar skakel en verband hou.



**Figuur 5. Interafhanklike kernelemente van 'n perdondersteunde psigoterapie-sinchronisiteit**

Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat die eienskappe van 'n perdondersteunde psigoterapie-sinchronisiteit (Figuur 5) ooreenstem met die Jungiaanse definisie van 'n sinchronisiteit. Volgens die Jungiaanse beskrywing van 'n sinchronisiteit het twee gebeure 'n betekenisvolle verbinding, maar nie 'n oorsaaklike verbinding nie en oorsaak kan nie bepaal word nie (Haule 2011:72). Jung (1969:571–2; 638) se geheimsinnige/misterieuse (Haule 2011:74) verklaring dui op 'n “a priori-” absolute oorsaaklike kennis van die onbewuste van 'n aangeleentheid, waar die sintuie nie 'n rol speel nie. In hierdie geval kan 'n oorsaak-gevolg tussen die mens-perd-optrede ook nie bepaal word nie, en die aard en oorsprong van 'n sinchronisiteit kan ook nie werklik aangedui en natuurwetenskaplik verklaar word nie.

Nog 'n gevolgtrekking is dat sinchronisiteite in hierdie terapeutiese raamwerk uitsonderlik is, aangesien 'n perd altyd 'n idiosinkratiese rol speel en die mense (terapeutiese span) nie direk by die sinchronisiteit betrokke is nie. Interspesie-sinchronisiteite kom dus voor. Dit kom voor asof perde die sinchronisiteite laat uitstaan en die belewenis daarvan vir die kliënt versterk. Verminderde of 'n “vernouing” van bewustheid het 'n versterking van die onbewuste tot gevolg. Sodoende word die bewuste meer deur die onbewuste, waarin die komplekse met hulle argetipiese basisse voorkom, beïnvloed (Jung 1969:571). Die perd, as simboliese verteenwoordiger van die dierlike eienskap in die mens (Jung 1956:471), aktiveer die onbewuste van die kliënt en uiteindelik ook die argetipes, heel moontlik die psigoïede argetipe waaruit die sinchronisiteit dan ontspring. Dus, die perd en die mens se ruimtetyd verenig op 'n kollektiewe onbewuste vlak as gevolg van die konstellering van die psigoïede argetipe. Twee nie-oorsaaklike gebeure vind gevolglik gelyktydig en spontaan plaas, sodat die verskil tussen ruimte en tyd en materie en psige wegval.

Terwyl die ondersoek insigte oor sinchronisiteite tydens perdondersteunde psigoterapie uitlig, kom beperkings voor. Soos in alle kwalitatiewe studies is die steekproefgrootte klein, met die gevolg dat veralgemeenbaarheid van bevindinge beperk word. Daarbenewens berus die studie op self-gerapporteerde inligting wat subjektief is. Alhoewel deelnemerbevestiging en medekontrolering nie vereistes vir kwalitatiewe studies is nie en verskillende menings oor die toepassing daarvan bestaan (O'Connor en Joffe 2020:1, 2; Beck 2021:2, 36, 118), kon die aanwending van hierdie tegnieke die geloofwaardigheid van die studie bevorder het. Die geloofwaardigheid van die studie kon verder verhoog geword het, deur nie die Jungiaanse teorie te bespreek nie. Betroubaarheid is egter verkry deur die ryk beskrywings van die verskynsel.

Aanbevelings aangaande teorie, opleiding, die praktyk en navorsing behels die onderstaande.

Tydens opleiding kan professionele terapeute en perdkenners van die moontlike voorkoms van sinchronisiteite tydens perdondersteunde psigoterapie bewus gemaak word. Groter bewustheid daarvan kan tot gevolg hê dat die terapeutiese span sinchronisiteite makliker herken en dit sodoende terapieë met die kliënt prosesseer indien dit op daardie stadium terapieë toepaslik is. In praktyk kan 'n sinchronisiteit wat ontstaan, gevolglik op 'n diepgaande terapeutiese vlak met die kliënt aangespreek word. Die betekenisvolle terapeutiese hantering van 'n sinchronisiteit wat tydens 'n perdondersteunde psigoterapie-sessie ontstaan, kan die kliënt se psigologiese ontwikkeling bevorder.

Skrywers van boeke en wetenskaplike artikels oor die teorie van perdondersteunde psigoterapie kan aandag skenk aan die beskrywing en terapeutiese hantering van sinchronisiteite wat tydens perdondersteunde psigoterapie-sessies kan plaasvind. Meer kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing kan oor perdondersteunde psigoterapie-sinchronisiteite gedoen word. Indien hierdie

verskynsel goed verken en beskryf is, kan daar klem gelê word op die verklaring daarvan. 'n Verklarende navorsingsvraag (na aanleiding van Fouché en De Vos 2011:96) behoort dus gestel en indringend beantwoord te word. Die volgende kan as 'n verklarende navorsingsvraag dien: Waarom is 'n sinchronisiteit soos wat dit is, in die raamwerk van perdondersteunde psigoterapie? Hierdie navorsingsvraag dui dus op die ontologie van 'n sinchronisiteit tydens 'n perdondersteunde psigoterapie-sessie.

Ter samevatting word gestel dat die proses van die beskrywende fenomenologie as 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp twee primêre rolle in die ondersoek gespeel het. Eerstens het dit my in staat gestel om die deelnemers se lewensbelewensisse van 'n sinchronisiteit wat gedurende 'n perdondersteunde psigoterapie-sessie ervaar is, te ontleed. Tweedens het genoemde navorsingsontwerp my in staat gestel om die kernelemente van 'n sinchronisiteit wat gedurende 'n perdondersteunde psigoterapie-sessie ervaar is, te bepaal. Uit hierdie fenomenologiese beskrywing en verklaring, blyk dit dat perde met hulle argetipiese simboliek die geleentheid vir die psigoïede argetipe om beskikbaar te word, skep. Wanneer die psigoïede argetipe gekonstelleer is, kan 'n sinchronisiteit plaasvind – tyd en ruimte word een, oorsaaklikheid verdwyn en die kliënt in die perdondersteunde psigoterapie-sessie kan 'n numineuse oomblik beleef.

### Verklaring en erkennings

- Hierdie artikel is 'n verwerking van 'n hoofstuk in my proefskrif (Van Wyk 2022).
- Die studie was self-gefinansier.
- Erkenning word met groot dank aan mevv. Marlene du Plessis (perdspesialis) en Dot Robertson (kliniese sielkundige) vir die hulp met die identifisering van navorsingsdeelnemers gegee.

### Bibliografie

Adams, M.V. 2002. African American dreaming and the beast of racism: The cultural unconscious in Jungian analysis. *Psychoanalytic Psychology*, (19)1:182–98.

Bachi, K. 2013. Life cycle analysis of the equine-facilitated psychotherapy field. In Parish-Plass (red.) 2013.

Beck, C.T. 2021. *Introduction to phenomenology: Focus on methodology*. Los Angeles: SAGE. Kindle-uitgawe.

Broersma, P. 2007. *Riding into your mythic life: Transformational powers with the horse*. Novato: New World Library. Kindle-uitgawe.

Brooke, R. (red.). 1999. *Pathways into the Jungian world: Phenomenology and analytical psychology*. Londen: Routledge. Kindle-uitgawe.

Buzel, A.H. 2016. *Beyond words: The healing power of horses. Bridging the worlds of equine assisted therapy and psychotherapy*. Bloomington: AuthorHouse. Kindle-uitgawe.

Cambray, J. 2009. *Synchronicity: Nature and psyche in an interconnected universe*. College Station: Texas A & M University Press. Kindle-uitgawe.

Corbett, 2021. *The God-image: From antiquity to Jung*. Ashville: Chiron. Kindle-uitgawe.

Creswell, J.W. 2014. *Research design: Qualitative, quantitative, and mixed methods approaches*. 4de uitgawe. Londen: SAGE. Kindle-uitgawe.

De Vos, A.S., H. Strydom, C.B. Fouché en C.S.L. Delpont (reds.). 2011. *Research at grass roots: For the social sciences and human service professions*. 4de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

Finlay, L. 2011. *Phenomenology for therapists: Researching the lived world*. Chichester: Wiley-Blackwell. Kindle-uitgawe.

Fouché, C.B. en A.S. de Vos. 2011. Formal formulations. In De Vos, Strydom, Fouché en Delpont (reds.) 2011.

Gallagher, S. 2012. *Phenomenology*. New York, NY: Palgrave Macmillan.

Giorgi, A. 1997. The theory, practice, and evaluation of the phenomenological method as a qualitative research procedure. *Journal of Phenomenological Psychology*, 28(2):235–60.

—. 2008a. Difficulties encountered in the application of the phenomenological method in the social sciences. *Indo-Pacific Journal of Phenomenology*, 8(1):1–9.  
<https://doi.org/10.1080/20797222.2008.11433956>.

—. 2008b. Concerning a serious misunderstanding of the essence of the phenomenological method in psychology, *Journal of Phenomenological Psychology*, 39(1):33–58.

—. 2009. *The descriptive phenomenological method in psychology: a modified Husserlian approach*. Pittsburgh: Duquesne University Press.

Hallberg, L. 2018. *The clinical practice of equine-assisted therapy: Including horses in human healthcare*. New York: Routledge. Kindle-uitgawe.

Haule, J.R. 2011. *Jung in the 21st century: Synchronicity and science*. Volume 2. New York: Routledge. Kindle-uitgawe.

Henderson, J.L. 2005. *Thresholds of initiation*. Wilmette: Chiron. Kindle-uitgawe.

Joubert, I., C. Hartell en K. Lombard (reds.). 2016. *Navorsing: 'n Gids vir die beginnervorsers*. Pretoria: Van Schaik.

Jung, C.G. 1916. *Psychology of the unconscious: A study of the transformation of the libido. A contribution to the history of the evolution of thought*. New York: Moffat, Yard and Company.

- . 1953. *Psychology and alchemy*. The collected works of C.G. Jung. Volume 12. 2de uitgawe. Bollingen series XX. Princeton: Princeton University Press.
- . 1956. *Symbols of transformation: An analysis of the prelude to a case of schizophrenia*. The collected works of C.G. Jung. Volume 5. 2de uitgawe. Bollingen series XX. Princeton: Princeton University Press.
- . 1958. *Psychology and religion: West and East*. The collected works of C.G. Jung. Volume 11. 2de uitgawe. Bollingen series XX. Princeton: Princeton University Press.
- . 1959. *Aion: Researches into the phenomenology of the self*. The collected works of C.G. Jung. Volume 9 (2). Bollingen series XX. Princeton: Princeton University Press.
- . 1963. *Memories, dreams, reflections*. New York: Random House. (Hersiene uitgawe. Vintage Books, 1989).
- . 1966. *Practice of psychotherapy: Essays on the psychology of the transference and other subjects*. The collected works of C.G. Jung. Volume 16. 2de uitgawe. Bollingen series XX. Princeton: Princeton University Press.
- . 1967. *Alchemical studies*. The collected works of C.G. Jung. Volume 13. Bollingen series XX. Princeton: Princeton University Press.
- . 1968. *The archetypes and the collective unconscious*. The collected works of C.G. Jung. Volume 9 (1). 2de uitgawe. Bollingen series XX. Princeton: Princeton University Press.
- . 1969. *The structure and dynamics of the psyche*. The collected works of C.G. Jung. Volume 8. 2de uitgawe. Bollingen Series XX. Princeton: Princeton University Press.
- . 1971. *Psychological types*. The collected works of C.G. Jung. Volume 6. Bollingen series XX. Princeton: Princeton University Press.
- . 1976. *The symbolic life: Miscellaneous writings*. The collected works of C.G. Jung. Volume 18. 2de uitgawe. Bollingen series XX. Princeton: Princeton University Press.
- . 2009. *The red book: Liber novus*. S. Shamdasani (red.). Philemon series. New York: W.W. Norton.
- . 2013. *The question of psychological types. The correspondence of C.G. Jung and Hans Schmid-Guisan, 1915–1916*. Philemon series. Woodstock: Princeton. Kindle-uitgawe.
- Kane, B. 2004. Day mares and night stallions: Archetypes in the mythology of horses and horse dreams. Sertifikaatverhandelng: Marin Institute for Projective Dreamwork. <http://www.horsensei.com/publications/MythologyofHorses/index.html> (23 Desember 2020 geraadpleeg).

—. 2007. Projection – the magic mirror: Projection, introjection, re-collection, transference, and counter-transference in the professional relationship. Monograaf-uittreksel uit *Manual of medicine and horsemanship* – Transforming the doctor-patient relationship with equine-assisted learning. <http://horsensei.com/publications/Projection/Projection.html> (12 November 2020 geraadpleeg).

—. 2011. *The parapsychology of the horse-human relationship*. Equine-guided Education Association se jaarkongres in Valley Ford, CA. PowerPoint. <http://www.horsensei.com/index.html#app=publications> (21 Desember 2020 geraadpleeg).

—. 2021. Equine-imity. Stress reduction and emotional self-regulation in the company of horses. Dreamspark Press. Kindle-uitgawe.

Lac, V. 2017. *Equine-facilitated psychotherapy and learning: The human-equine relational development (HERD) approach*. Londen: Elsevier.

Landreth, G.L. 2012. *Play therapy: The art of the relationship*. 3de uitgawe. New York: Routledge. Kindle-uitgawe.

Lombard, K. 2016. Steekproefneming. In Joubert, Hartell en Lombard (reds.) 2016.

Main, R. 2004. *Synchronicity and Jung's critique of modern Western culture*. New York: Brunner-Routledge.

Miller, R. en J. Nussen. 2014. *Treating trauma in the horse arena: Cognitive restructuring using equine-assisted EMDR and sandtray therapies (C.R.E.S.T. ©). A guide for mental health professionals*. Scotts Valley, CA: Createspace Independent Pub. Kindle-uitgawe.

Moran, D. en J. Cohen. 2012. *The Husserl dictionary*. Londen: Continuum International. Google Play Books-uitgawe.

O.K. Corral Series. 2021. *Equine-assisted history. Principles of EAP*. <https://okcorralseries.com/about> (3 Februarie 2021 geraadpleeg).

O'Connor, C. en H. Joffe. 2020. Intercoder reliability in qualitative research: Debates and practical guidelines. *International Journal of Qualitative Methods*, 19:1–3. <https://doi.org/10.1177/1609406919899220> (14 November 2024 geraadpleeg).

Parish-Plass, N. 2013. (red.). *Animal-assisted psychotherapy: Theory, issues, and practice*. West Lafayette: Purdue University Press. Kindle-uitgawe.

Reeder, H.P. 2010. *The theory and practice of Husserl's phenomenology*. 2de uitgawe. Boekarest: Zeta. Google Play Books-uitgawe.

Roberts, M. 2001. *Horse sense for people*. Londen: William Collins. Kindle-uitgawe.

Romanyshyn, R.D. 1999. *Alchemy and the subtle body of metaphor: Soul and cosmos*. In Brooke (red.) 1999.

Rubin, A. en E.R. Babbie. 2017. *Research methods for social work*. 9de uitgawe. Boston: Cengage Learning.

- Saldaña, J. 2011. *Fundamentals of qualitative research*. (Series in understanding qualitative research). New York: Oxford. Kindle-uitgawe.
- Samuels, A., B. Shorter en F. Plaut. 1986. *A critical dictionary of Jungian analysis*. Londen: Routledge. Kindle-uitgawe.
- Shamdasani, S. 2009. Liber novus: The “red book” of C.G. Jung. In Jung 2009.
- Sheade, H.E. 2021. *Equine-assisted counseling and psychotherapy: Healing through horses*. New York: Routledge. Kindle-uitgawe.
- Smith, J.A., P. Flowers en M. Larkin. 2009. *Interpretative phenomenological analysis: Theory, method and research*. Los Angeles: SAGE.
- Stein, M. 2022. *Four pillars of Jungian psychoanalysis*. Ashville: Chiron. Kindle-uitgawe.
- Strydom, H. 2011. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. In De Vos, Strydom, Fouché en Delport (reds.) 2011.
- Thomas, L., en M. Lytle. 2016. *Transforming therapy through horses: case stories teaching the EAGALA Model in action*. Kindle-uitgawe.
- Trotter, K.S. 2012. *Harnessing the power of equine assisted counseling: Adding animal assisted therapy to your practice*. New York: Routledge. Kindle-uitgawe.
- Vagle, M.D. 2014. *Crafting phenomenological research*. Walnut Creek: Left Coast Press.
- Van Manen, M. 1997. *Researching lived experience: Human science for an action sensitive pedagogy*. 2de uitgawe. Londen: Routledge. Kindle-uitgawe.
- . 2014. *Phenomenology of practice: Meaning-giving methods in phenomenological research and writing*. Walnut Creek: Left Coast Press.
- Van Wyk, C.J. 1999. Terapie met die seksueel gemolesteerde seun in die middelkinderjare-ontwikkelingsfase vanuit ’n Jungiaanse perspektief. MSocSc (MW)-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika.
- . 2016. ’n Jungiaanse siening van sinchronisiteit in perdondersteunde psigoterapie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(3):795–808.
- . 2022. Sinchronistiese insidente in perdeondersteunde psigoterapie. PhD-proefskrif, Universiteit van die Vrystaat.
- Von Franz, M. 1980. *On divination and synchronicity: The psychology of meaningful chance*. Studies in Jungian Psychology. Toronto: Inner City Books.

## Eindnota

<sup>1</sup> Eie vertaling, hier en elders.